

1. Ps. 147: 1,2,3

Evangelielezing en genadetoesegging: Rom. 3

“²¹Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, ²²maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo. ²³Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie, ²⁴maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus. ²⁵⁻²⁶Hom het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir dié wat glo. Hierdeur het God getoon wat sy vryspraak behels: Hy het die sondes wat Hy voorheen in sy verdraagsaamheid tydelik ongestraf laat bly het, vergewe. Maar Hy het ook getoon wat sy vryspraak in die teenswoordige tyd behels: Hy oordeel regverdig deurdat Hy elkeen vryspreek wat in Jesus glo.”

2. Lied 186: 1 en 2

Die nuwe wet en geloofsgehoorsaamheid

“⁸Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit. ⁹Al die gebooe: “Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie,” of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamgevat: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” ¹⁰Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet. ¹¹En dit alles is nodig omdat julle weet hoe laat dit al is. Die uur is reeds daar dat julle uit die slaap moet wakker word, want die tyd van ons finale verlossing is nou nader as toe ons tot die geloof gekom het. ¹²Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem. ¹³Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie. ¹⁴Nee, julle moet lewe soos volgelingen van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie.”

3. Ps. 116: 1 en 7

Skriflesing: Rom. 8:31-39; 12:1,2

“³¹Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dit: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees? ³²Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?³³Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. ³⁴Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons. ³⁵Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? ³⁶Daar staan immers geskrywe: “Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word.” ³⁷Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. ³⁸Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of

Christus se liefde vir ons verbind ons tot liefde wat dink en doen

toekomstige dinge of kragte ³⁹ of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. ²Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.”

4. Lied 334: 1,2,3,4

PJ Kriel

01.02.2015

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen Christelike liefde en goddeloses se goddelike liefde. Christelike liefde is altyd liefde wat dink en doen, liggaamlik doen en verstandelik bedink. Christelike liefde is meningsvormend, waardebepalend en verantwoordelik. Christelike liefde is nie 'n misterieuse onbekendheid of 'n geestelike ervaring wat nie as liggaamlike daad geken mag word nie. Goddeloses het anders lief. Wêreldse liefde is liefde wat nie bedink en gedoen word nie. Wêreldse liefde is altyd een of ander geestelike ervaring waar jy nie mag dink of doen nie. Hierdie wêreldse liefde word vandag in afgodsdien "oorgawe" aan God genoem. Hierdie oorgawe beteken jy moet "niks vir God doen" nie. Hierdie "niksdoen" is glad nie geloof in die Evangelie nie. Geloof is nooit "niksdoen" nie. Geloof is om God te ken in Sy liefde, en ook mense te ken in hulle liefde. Geloof is om God te vertrou vir Sy liefde, en ook mense te vertrou vir hulle liefde.

Skriflesing: Rom. 8:31-39; Rom. 12:1,2

Teks: Rom. 12:1: "Ek roep julle dus op om julle liggame as 'n lewende, heilige en aanneemlike offer vir God aan te bied. Dit is julle verstandelike godsdiens."

Tema: Christus se liefde vir ons verbind ons tot liefde wat dink en doen

1. Christus se liefde vir ons maak ons liefde totaal anders as ongelowiges se liefde.

Rom.12:1 beskryf hierdie andersheid van die Christelike liefde met twee woorde waarmee die meeste Bybelvertalers sukkel: 'liggaam' en 'verstand'.

Die 1983 vertaling het die woord 'liggaam' uitgelos en vertaal met 'julleself'. Die woord 'rede' of 'verstand' het hulle vertaal met 'weselik'.

Die nuwe direkte vertaling het die woord 'liggaam' teruggebring, maar die woord 'verstand' of 'rede' vertaal met 'sinvolle'.

Maar die Grieks is ondubbelsinnig duidelik: gee julle liggame; en om jou liggaam te gee, is jou verstandelike godsdiens. Die krag van hierdie uitspraak is juis opgesluit in hierdie kombinasie dat om jou liggaam te gee, jou verstandelike of rasonelike godsdiens is. Die eenheid van hierdie woorde wys op die andersheid van Christelike liefde, waarin liggaam en verstand altyd teenoor mekaar gestel word.

2. Dit is daarom nie die vertaling van die woord wat so moeilik is nie. Die inhoud van die Christelike liefde in hierdie kombinasie van liggaam en verstand, is die nuwe en moeilike saak vir die verstaan van liefde deur ongelowiges.

Christelike liefde is liefde waarin gelowiges dink en doen, en hulle dink en doen is hulle liefde.

3. Die liefde wat daar in Christus Jesus is (Rom.8:39) skep hierdie nuwe tipe liefde in Christene, liefde wat dink en doen. Daarom roep Paulus die gelowiges op om op grond van hierdie liefde wat God in hulle geskep het deur Sy barmhartigheid, hierdie nuwe liefde uit te leef.

Hoe was Christus se liefde anders as die wêreldse soeke na God se liefde, waarin Christus nie dieselfde liefdevolle God is as wat aan hierdie wêreld se liefdevolle God gelyk is nie?

Die andersheid van God se liefde as die liefdevolle God van die sondige wêreld, is dat Christus Homself as mens gee.

Dit is wat totaal anders is. Die liefdevolle god van hierdie sondige wêreld gee altyd sy goddelikheid en die heerlijkheid van sy goddelikheid aan mense om in te deel. Christus is God wat Homself as mens gee; mens na liggaam, siel en gees, in ons plek as mense.

4. Dit is 'n totaal ander manier waarop God Homself in liefde gee, as hoe die sondige wêreld begeer dat God Homself in liefde aan die wêreld moet gee.

Hulle soek 'n God wat soekend vol begeerte is om Homself en Sy goddelikheid met mense te deel, sodat hulle hul begeertes in Hom kan vervul. Hierdie vervulling van God se sogenaamde verlangens en begeertes en mense se begeertes in mekaar as God en mense, is dit wat vandag genoem word "godservarings."

5. Die wyse waarop Christus Homself gee sodat ons altyd deel van God se liefde is, soos in Rom. 8, is dat Christus wat self God is, mens is in ons plek en ons in Sy mensheid laat deel.

Hy is die oorgelewerde, aangeklaagde, veroordeelde en gestrafte sondaar in Sy sterwe in ons plek, sodat God nie meer teen ons is nie, maar vir ons in Sy liefde. Christus pleit vir ons! Dit beteken nie 'n insiklike en nederige gesoebat by God die Vader nie, maar dat Hy self, as God, ons insluit in wie en wat Hy as mens in ons plek is. Daarom is ons regverdig en ook heilig vir God.

God laat ons onskedbaar deel wees van Sy liefde as God, deur ons as mense vir Sy liefde reg en heilig te maak.

Daarom is hierdie liefde wat God vir ons in Christus het, volgens Paulus in Romeine liefde wat net geglo kan word. (Rom.1:16,17).

Dit is liefde wat geken kan word. Hierdie liefde is die geopenbaarde raadsplan van die menswees van Christus. Ons ken Hom as die Here wat mens is in ons plek.

Dit is liefde wat vertrou kan word. Hierdie vertrou, betuig Paulus, is die jubeling dat niks in hierdie skepping ons van God se liefde in Christus kan skei nie.

6. Hierdie liefde van Christus vir ons verbind ons tot liefde wat dink en doen.

Die besondere karakter van hierdie liefde word verkondig as 'n lewende, heilige en goeie offer vir God. Dit is in kontras met die wêreldse liefde wat aan God dooie, onheilige en slegte offers gee.

Hierdie kontras van die lewende offer teenoor dooie offers, mag ons nie sien asof dit die mens se offer van homself aan God is, teenoor die mens se gee van diere-offers nie. Die kontras is nie dooie diere en lewende mense nie.

Die kontras is dooie mense en lewende mense.

In die gee van dooie diere-offers het die Jode ook hulleself aan God gegee. Die wyse waarop die Jode hulleself aan God gegee het, word deur Paulus hier indirek beskryf as dooie, onheilige en slegte offers wat vir God nie aanneemlik is nie.

Wat is hierdie dooie offers wat God nie aanvaar nie?

Dit is die Joodse, en daarmee saam die hele wêreld, se boetedoeningskultus.

In hierdie boetedoeningskultus gee die mens ook homself vir God. Hy gee Homself aan God in sy eie sondigheid en skuldigheid. In sondebelydenisse oor hulle eie skuldigheid en sondigheid, gee mense hulle oor aan God se mag. Met erkennings van hulle eie onheiligheid en onwaardigheid, gee mense hulleself oor aan God se mag. Met die wete van hulle eie slegtheid, gee mense hulleself oor aan God se mag met die aanmatigende houding dat God hulle moet aanvaar soos hulle is.

In hierdie oorgawe van mense in hulle eie sondigheid en skuldigheid, maak hulle aan God ondernemings om beter te wees en beter te leef, maak hulle hulleself ondergeskik en onderworpe aan Sy mag en magsuitbreiding.

Wat noem die Woord hierdie oorgawe aan God van jouself, op hierdie wyse?

'n Dooie, onheilige en slegte offer! Meer, 'n offer wat God nooit aanvaar nie. God kan nie mense wat hulleself as sulke dooie offers aan Hom aanbied, as goeie offers aanvaar nie. God verwerp mense wat hulle so aan God offer: om hulleself in boetvaardigheid aan God se mag oor te gee.

Hierdie manier om jouself vir God te gee, is wêrelds! Daarom roep Paulus die gelowiges op tot 'n ander tipe liefde as hierdie wêreldse boetvaardigheid en oorgawe aan God in skuld en slegtheid, deur die gelowiges te vermaan om nie gelyk te word aan die wêreld in hierdie gee van jou dooie, skuldige en onheilige self vir God nie.

7. Hulle moet hulleself aan God gee as lewende, heilige en goeie offers wat God aanvaar en vir God aanneemlik is.

Hoe gee jy jouself só aan God?

Deur God wat jou denke vernuwe.

Dit is, in die geloof dat jy ingesluit is in die liefde wat daar in Christus Jesus is! In hierdie geloof kan en mag jy nie weer aan jouself dink as 'n dooie, onheilige en slegte offer vir God nie. Hierdie opvatting oor jouself moet jy deur God laat verander deur jou geloof in Christus.

Want dit is wie jy in Jesus Christus is. In Jesus Christus is jy lewend vir God, want God is vir jou, nie teen jou nie. In Jesus Christus is jy vir God regverdig en heilig. In Jesus Christus is jy geen aangeklaagde vir jou slegtheid nie. Jy is vir God goed deur Jesus se sterwe.

Daarom mag jy jousef net op een wyse aan God gee: as lewend, sonder skuld of oordeel; as heilig en regverdig vir God se liefde, en as goed vir God! Jy mag jou op geen ander wyse aan God gee nie, want dit is wie Hy jou in Sy liefde laat wees. Jy gee jousef só aan God, in die liefde wat jy deel in Jesus Christus.

Daarom is dit toewyding: om uit die liefde wat jy ken, jousef as goed en reg en heilig vir God te gee. Hierdie toewyding is totaal iets anders as die oorgawe aan God van jousef in jou skuld, onheiligheid en slegtheid.

Dit is toewyding uit die vernuwe van jou denke oor jousef, as offer vir God, deur God in die Evangelie.

8. Wie homself in hierdie liefde waarin hy deel, só aan God gee, gee sy liggaam vir God as offer.

Alles wat ons as mens is, is ons liggaamlik! Jy kan net liggaamlik pa vir jou kinders wees. Liggaamlik is jy hulle beskerming en sekuriteit. Jy moet liggaamlik teenwoordig wees en hulle met jou hande beskerm.

Jy kan net liggaamlik ma wees vir jou kinders. Liggaamlik versorg en voed jy met jou hande, ore, oë en voete.

Net so kan ons net liggaamlik man en vrou wees vir mekaar: liggaamlik tasbaar en teenwoordig.

Daarom beklemtoon die woord 'liggaamlik' die diens wat ons as mense verrig in alles wat ons as mens doen. Ons liggaamlikheid is die wyse waarop ons as mens diensbaar vir God en mens in hierdie wêreld is.

In die opsomming van die Wet van God, is dit liefde met al jou krag: alles wat jy as mens liggaamlik is.

Christelike liefde gaan om jousef in jou liggaamlikheid diensbaar te stel aan God en jou naaste – al jou krag in diens van God en jou naaste. God verander Christene se denke oor hulle liggaam as óf middel tot genot, óf geestelik waardeloos in ons vereniging met Christus in Sy menswees.

Ons liefde is liggaamlike liefde!

9. Om jousef liggaamlik diensbaar te stel, noem Paulus dan verstandelike godsdiens.

Liefde vir God is liefde met jou hele hart, siel en verstand, en al jou krag. Daarom is liefde in en uit geloof in Christus na sy aard en karakter, verstandelike liefde.

‘Verstandelik’ beteken dat ons liefhet in en deur ons meningsvorming as mens. Ons liefde is liefde in en deur ons meningsvorming, ons eie menslike meningsvorming oor ons naaste. ‘Verstandelike liefde’ beteken dat ons ons eie mening moet vorm en nie meningloos onself aan ander oorgee nie.

‘Verstandelike liefde’ beteken dat ons liefde waardebepelelend is. Ons kan verstandelik die verskil tussen waardevol en waardeloos bepaal. Hierdie waardevorming en bepaling is deel van die wyse waarop ons liefhet. Christelike liefde gaan nie oor die ophef en ter syde stelling van die verskil tussen waardevol en waardeloos nie.

Verstandelike liefde gaan oor die besef van aanspreeklikheid, die berekening en aanvaarding van verantwoordelikheid. Christelike liefde is liefde in aanspreeklikheid en verantwoordelikheid. Christelike liefde gaan nie oor onberekende, onwetende oorgawe sonder enige aanspreeklikheid nie.

Paulus stel hierdie eenheid van liggaamlike en verstandelike liefde as kenmerkend van Christelike liefde. God verander ons denke oor ons verstand. In die wêreld is ons verstand óf die wapen teen God, óf die hindernis in ’n verstandlose geestelikheid.

10. Daarom is Christelike liefde altyd liefde wat dink en doen. Liggaamlik doen en verstandelik bedink. Dit is liefde met hart, siel en verstand, en al jou krag.

Wie só ingestel is om lief te hê, om te dink en te doen, het ’n handleiding nodig om te weet hoe om te dink en hoe om te doen.

Daarom is die Christelike liefde altyd ’n liefde wat vra na die wil van God. Soos Paulus dit stel: *“Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.”*

Die Wet van God is ’n praktiese handleiding vir die verstandelike godsdiens waar mense hulle liggame in diens van God stel. Dit kan daarom ook net as praktiese handleiding gebruik word. Eers wanneer jy jouself gee om liefde liggaamlik te doen en verstandelik te bedink, werk die Wet van God as die Wil van God, wat jou wys hoe om te onderskei wat vir God goed en aanneemlik en volmaak is.

Waar liefde nie bedink en gedoen word nie, kan die wysheid van die Wet nie gevind word nie. Die wysheid van die Wet ontsluit net vir gelowiges wat liefde wil bedink en doen.

11. Daarom kan Christelike liefde vir mekaar ook net op een manier vir en van mekaar aanvaar word. Liefde word geglo. Liefde word geken vir wat liefde bedink en wat liefde doen. Daarom word liefde vertrou vir wat liefde bedink en liefde doen.

Christelike liefde is nie 'n misterieuse onbekendheid of 'n geestelike ervaring wat nie as liggaamlike daad geken en vertrou kan word nie.

Dit is hoe wêreldse liefde is en werk! Wêreldse liefde is liefde wat nie bedink en gedoen word nie. Wêreldse liefde is altyd een of ander geestelike ervaring waar jy nie mag dink of doen nie.

Hierdie wêreldse liefde word vandag “oorgawe” aan God genoem.

Wat is hierdie tipe liefde wat “oorgawe” aan God en mense is?

Hierdie oorgawe beteken jy moet “niks vir God doen” nie. Hierdie “niksdoen” is glad nie geloof in die Evangelie nie. Geloof is nooit “niksdoen” nie. Geloof is om God te ken in Sy liefde, en ook mense te ken in hulle liefde. Geloof is om God te vertrou vir Sy liefde, en ook mense te vertrou vir hulle liefde.

Hierdie oorgawe waar jy moet “niksdoen”, is om as mens passief te wees teenoor God. Teenoor God moet jy in hierdie oorgawe niks dink en ook niks doen nie. Wat moet jy oorgee in hierdie oorgawe?

Jy mag nie meer liefde bedink nie.

Jy moet meningloos oor jouself en mense wees. Om 'n mening te vorm oor hoe mense dink en doen, word nou skielik “veroordeling” genoem. Jy mag nie veroordeel nie, bedoelende geen eie mening meer vorm nie.

Jy mag ook nie meer 'n waardebeplanning doen oor die waardeloosheid en waardevolheid van mense nie. In hierdie oorgawe moet jy aanvaar dat alle mense vir God waardevol is, en daarom mag jy nie meer hierdie verstandelike onderskeid tussen waardevol en waardeloos maak nie.

‘Oorgawe’ beteken jy mag nie meer aanspreeklikheid en verantwoordelikheid aanvaar nie. In hierdie oorgawe mag jy dit nie bedink of doen nie. Want ‘oorgawe’ beteken dat jy jou aanspreeklikheid en verantwoordelikheid aan God oorgee. Dit is jou ‘niksdoen’ vir God.

12. 'n Tweede woord waarmee hierdie wêreldse liefde beskryf word, is “oopmaak” en “binne jou toelaat” of “innooi”.

Hoe werk hierdie liefde wat “oopmaak” en God en mense “innooi” in jou lewe?

Dit beteken dat jy jou menslikheid vir God moet oopstel om Sy goddelikheid binne-in jou te kom uitleef. Hiervoor moet jy jou menslike denke en aksies prysgee. Want in hierdie godservaring word jou menslikheid die leë dop vir God se goddelikheid. God dink nou vir jou en wys wat Hy vir jou dink aan jou met visioene, drome en geestelike stemme, waarvoor jy nie mag dink en bedink nie, maar net moet aanvaar.

In hierdie oopmaak en innooi van God moet jy ook aanvaar dat jy niks meer self doen nie, maar dat God alles deur jou doen.

13. Wat noem die Bybel hierdie verstandlose en daadlose liefde van die wêreldse opvatting oor God en mense?

Hierdie liefde wat nie meer dink en doen is nie? Dit is nie liefde nie. Dit is sondige begeertes.

Dit is hierdie tipe god wat begeer om God te wees, maar dit net kan wees wanneer mense niksdoen en nie meer dink nie. Dit is hierdie tipe afgod wat net iets binne en deur mense kan wees omdat hy in homself niks is, en niks kan doen nie. Dit is die dooie god van hierdie wêreld wat net iets kan wees in mense wat nie meer as mense dink en doen nie. Dit is die afgod wat die Bybel “nietigheid” noem, en hulle wat hulle aan hierdie god oorgee en oopmaak, “niks” noem nie.

Hierdie dooie god en dooie mense is die god en mense van dooie bekerings: bekerings waar mense hulleself as skuldig, veroordeel, verlore en sleg voor God stel, hulleself voor God niks maak sodat God in hulle lewe kan kom en Sy goddelike self binne hulle kan wees, en Sy goddelike lewe deur hulle kan leef – terwyl hulle niks is, niks doen en niks bedink nie.

Dit is die dooie bekerings waar God se Wet uit mense se lewe verdwyn, en ook uit die geestelike feeste wat hulle in die plek van eredienste vier. Want die Here se Wet kan nie 'n handleiding wees vir godservarings nie. Dit is net 'n handleiding vir liefde wat dink en doen.

14. Ons mag nie aan hierdie wêreldse liefde gelyk word en onself ook só aan God en mense oorgee, en onself vir God en mense oopstel en hulle in ons binneste laat inkom nie.

Mense wat in hierdie godservarings hulle begeerlikhede met God en mense uitleef, beskuldig ons elke dag dat ons 'n verstandsgodsdiens het.

En ons antwoord op hierdie beskuldiging is: “Ja, ons het 'n verstandsgodsdiens!”

Hoe anders? Hoe anders kan ons God se liefde in Christus aanvaar, as om dit te ken met ons verstand soos die Here dit openbaar? Hoe anders kan ons liefhê, as om die liefde te bedink in mening, waardevorming, aanspreeklikheid en verantwoordelikheid?

“Ja, ons liefde vir God is nie 'n godservaring soos die wêreldse liefde vir God nie. Ons liefde vir God en ons naaste is liefde wat dink en bedink!”

Mense wat in hierdie godservarings hulle begeerlikhede met God en mense uitleef, beskuldig ons aanhoudend van “tradisie-godsdiens”

En ons antwoord op hierdie beskuldiging is: “Ja, natuurlik het ons 'n tradisie-godsdiens!”

Hoe anders? Ons liefde is liefde wat liggaamlik doen. En ons doen hierdie liefde op vaste patrone en ritmes soos alles wat liggaamlik gedoen word in vaste patrone en ritmes gedoen word. Ons leef in die tradisie om liefde te doen in 'n vaste liggaamlike gewoonte om liefde te doen.

“Ja, ons liefde vir God is nie 'n godservaring van niks wees vir God en God wat alles deur ons doen nie. Ons liefde vir God is daad wat ons liggaamlik self doen – op vaste patrone en in tradisie.”

Mense wat in hierdie godservarings hulle begeertes met God en mense bevredig, beskuldig ons van 'n wettiese godsdiens.

En ons antwoord op hierdie beskuldiging is: “Ja, natuurlik is ons met 'n wettiese godsdiens besig: ons liefde dink en doen soos God se Wet ons wys om te dink en te doen.” Ons liefde vir God is nooit 'n wetlose godservaring waarin niks gedink en niks gedoen word vir God en ons naaste nie.

Ons liefde vir God en ons naaste is dink en doen! Dit is totaal anders as die geestelike begeertes van hierdie wêreld, waarin mense niks is en niks doen nie.